Platinum Stars create special packages for fans

Rustenburg/ Phokeng – The Platinum Stars will return home to play the Black Leopards in an Absa Premiership clash at the Royal Bafokeng Stadium on Saturday, 17 September (15h00 kick-off) and have some special deals for fans wishing to attend the game.

Dikwena are coming back with a vengeance after a disappointing week with a loss to the Lamontville Golden Arrows in Durban. "We have to win our home games to keep up our spirits," said Da Gama. "The crowd can certainly play a massive role for us in this regard and so far the home attendances have been fantastic this year. We have some exciting new players in the team this season and we have just signed a Bafana Bafana international in Vuyo Mere, so these are exciting times."

"We hope people will come out and support us against the Black Leopards on Saturday as the players certainly get a big lift from the fans," the coach added. And the club continue to be among the most innovative in this area in the Premier Soccer League with packages designed to make it easier for supporters to attend the matches.

For the Black Leopards game, the club has introduced a limited number of R60 family tickets that allow entrance to two adults and three youngsters under the age of 16. Only 200 of these special family tickets are available and they are only on sale at PH Network in Phokeng and the Tlhabane Foro Spar on a first-come, first-serve basis. Otherwise, normal prices apply and adult tickets will be on sale at R40, with juveniles under the age of 16 paying R20.

These tickets can also be purchased from PH Network in Phokeng and the Tlhabane Foro Spar, as well as Lucky's Pub in Phokeng, Mickey' Geo Restaurant, Caltex Garage in Mogwase, Tommy's Inn in Kanana as well as at the stadium on match day.

Aside from the football, there will also be plenty of other entertainment with local artists and DJs on hand. Gates open at 13h00. See you there!

Curriebeker Week 9

Goue Leeus vs Griekwas

LIONS vs GRIQUAS

Die Goue Leeus brul wragtig hard vanjaar!! Die manne van Jo'Burg gaan van krag tot krag en gee die Diamantboere 'n rugby les en wen 41-25. In die proses druk hulle ses puik drieë en wys dat hulle 'n skitterende gebalanseerde span is wat met voor-en agterspelers kan aanval. 'n Tuis Semi-finaal is 'n uitgemaakte saak en die maanhare begin al seker wonder oor wie die prooi gaan wees!

Sharks vs Pumas

vs

In nog onoortuigende vertoning deur die huidige Curriebeker Kampioene wen hulle 32-20, maar dit het maar broekskeur gegaan! Die Haaie sal wraggies waar hulle spel-peil baie vinnig in 'n hoër rat moet skakel of 'n turbine aanskakel om ten minste 'n tuis semi-finaal te kan speel. Die Pumas het ook nog nie 'n wedstryd in vanjaar se kompetisie gewen nie en sal ook baie moet verbeter om saam met die Groot Vyf te blaf!

WP vs Luiperds

W.P. RUGBY vs LUIPERDS LEOPARDS RUGBY

Die Kapenaars het die Luiperds in die tweede helfte deurmekaar gehardloop en wen die wedstryd 49-21. Vir die WP was die 5 punte goud werd om later te kwalifiseer vir 'n tuis semi-finaal. Dit is ook maar nie 'n goeie jaar tot dusver vir die Luiperds nie en wen ook nog net een wedstryd in vanjaar se kompetisie.

Cheetahs vs Blou Bulle

vs

'n Reuse strafskop van sowat 54 meter deur die oud Rustie, Louis Fouche, laat die wedstryd gelykop eindig met 22 punte elk. Beide spanne kon net een drie druk terwyl die twee losskakels die res van die spanne se punte aanteken met vyf strafskoppe en 'n doelskop.

Aan die Bulle se kant het die jong Bokkie senter, Francois Venter 'n baie goeie wedstryd gespeel en aan die Cheetah kant het Johan Goosen puik spel op losskakel gelewer en is ook as speler van die wedstryd aangewys. Louis Fouche het ook weereens gewys hoekom Pine Pienaar vertroue in hom het met sy BMT wat hy aan die dag gelê het….

Die volgende wedstryde gaan die vonke laat spat... of tande!! Die Bulle teen die WP en die Sharks teen die Cheetahs... grrrrrr!! Nag ou grote ...

18 Medaljes Verower

Agter vlnr is Shihan Albert Venter, Sonja Pieterse, Ayrton Sardinha, Janiël van Niekerk, Sanoline Gows, Steyn Lategan, en Sensei Lobke. Voor vlnr is A J Joubert, Ashly riley, Pieter Venter en Ivan Pieterse.

TSKKIA Karate Rustenburg, onder die leiding van Shihan Albert Venter 5de Dan Shotokan & 10de vlak Ken Jutsu, het 'n groot prestasie verower tydens 'n Provinsiale kompetisie wat deur TSKKIA Mpumalanga (Sensei Lobke en Sensei Jolanda) gehou is. Die Rustenburg groep het 11 Goud, 6 Silwer en 1 Brons huistoe gebring. In totaal is 18 medaljes verower. Vir enige navrae kontak ons hoof kantoor gerus by 082 463 1073.

Wêreld Beker 2011

Springbokke vs Wallis

SPRINGBOK WRU

Baie argumente of liewers, baie menings, of positiewe of negatiewe kommentaar of wat ook al... die Bokke was damn gelukkig om die een te wen met 17-16! Die Bokke begin die wedstryd klinies, koel en kalm en speel vir 'n hele tien minute rugby soos ware wêreld beker kampioene en Frans Steyn druk 'n skitterende drie!

Toe bly daar nog sewentig minute oor... swaar 70 minute! Maar ook darem bygesê, om vir sewentig minute te spook en spartel en dan die wedstryd nog te wen, is seker nie te versmaai nie. Die jong losskakeltjie van die Rooi Drake het seker baie vuur gespoeg oor die strafskop wat volgens hom en 50 000 rooi drakies oor was, maar volgens die beamptes nie oor was nie!

Ons kan met hoop dat die Drake die Bok uit sy winterslaap laat ontwaak het … en hallo, ons speel nou vir die Wêreldbeker ou maat…